VREDE, OOS-VRYSTAAT

# KORTTERMYNVERSEKERING – ADMINISTRATEUR

SLUIT AAN BY DIE DINAMIESE ATTOOH AGRI-SPAN!

Attooh Agri is op soek na ’n ervare en georganiseerde Korttermynversekering Administrateur om ons span in Vrede, Oos-Vrystaat, te versterk.Ons ideale kandidaat beskik oor uitstekende administratiewe vaardighede, ’n sterk kennis van korttermynversekering en die vermoë om professionele diens aan kliënte te lewer. Ervaring binne die landbousektor sal ’n sterk aanbeveling wees.

**Verantwoordelikhede sluit in:**

- Opstel en verwerking van versekeringkwotasies en polisverwante dokumentasie.
- Kommunikasie met kliënte, versekeraars en ander diensverskaffers.
- Opvolg van polisveranderinge, hernuwings, premies en uitstaande dokumentasie.
- Assistering met die administrasie en opvolg van korttermynversekeringseise.
- Hantering van kliënte-navrae en die verskaffing van professionele en tydige diens.
- Akkurate rekordhouding en instandhouding van kliënt- en polisrekords.
- Verseker dat alle dokumentasie volledig, akkuraat en op datum is.
- Ondersteuning van die makelaars- en administratiewe span met daaglikse versekeringsverwante take.
- Nakoming van toepaslike FAIS-, FSCA- en ander regulatoriese vereistes.
- Algemene kantoor- en administratiewe ondersteuning binne die korttermynversekeringsafdeling.

**Vereistes:**

- Minimum 5 jaar onlangse ervaring in die korttermynversekeringsbedryf
- Graad 12 / Matriek.
- Kennis van korttermynversekeringsprodukte en polisadministrasie, FAIS- en FSCA-vereistes.
- RE5 sal ’n sterk aanbeveling wees.
- Goeie rekenaarvaardighede en kennis van Microsoft Office.
- Sterk administratiewe en organisatoriese vaardighede.
- Uitstekende aandag aan detail en akkuraatheid.
- Goeie kommunikasie- en kliëntediensvaardighede.
- Vermoë om onafhanklik te werk, prioriteite te bestuur en spertye te haal.
- Ervaring met landbouversekering sal ’n voordeel wees.
- Bereidwilligheid om met verloop van tyd na Vrede te verhuis.

'n **Markverwante vergoedingspakket** sal onderhandel word, gebaseer op ervaring en kwalifikasies.

Stuur asseblief jou volledige CV, kontakbare verwysings en ’n aanduiding van jou salarisverwagting, met die verwysing **“ATTOOH”,** aan: hr@vsagri.co.za

Sluitingsdatum: 20 Oktober 2026